



NGB Artikel 37 (vervolg)

Dan sal, gedaag deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God, alle mense, mans, vrouens en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe geleef het, persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn (1 Tess. 4:16).

Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan. Die NGB se bewoording eggo die Skrif baie nougeset in hierdie gedeelte. By die geleentheid van die wederkoms gaan sekere gebeurtenisse afspeel. Die eerste daarvan is dat die aartsengel almal sal beveel om op te staan. Die aartsengel word nie benoem nie. Dit is in lyn met die oorgrote meerderheid verwysings na engele in die Bybel. Daar is tradisioneel drie engele se name aan ons bekend: **Gabriel** - Daniel 8:16 "*en ek hoor 'n stem uit die Ulai roep: "Gabriël, verklaar vir Daniël die gesig!"*" Lukas 1:26 "*In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea.*" Dit is opvallend dat daar nie in die tekste na Gabriel as aartsengel verwys word nie. **Migael** Daniel 10:13 "*Die engel van die Persiese Ryk het my een en twintig dae lank teruggehou, maar toe het Migael, een van die vernaamste engele, my te hulp gekom en ek was nie meer nodig teen die Persiese konings nie.*" **Rafaël** word in

die boek Tobit (deel van die Apokriewe versameling) genoem. Saam met die roep van die engel sal geklank van die trompet van die Here opgaan. Ons weet dat die trompet 'n luide, melodieuze klank kan produseer.

Die trompet is in beide Ou Testament en Nuwe Testament instrument van groot simboliese belang; die geklank van 'n trompet dui op opspraakwekkende gebeurtenisse. Trompette kondig oorlog aan, roep mense op tot saamkom, of dui aan dat die mense moet marsjeer. Dit was onder die geklank van trompette dat Jerigo se mure geval het (Josua 6). Die laaste trompet gaan die volle waarheid laat aanbreek - Openbaring 11:7 "*Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy die blye tyding aan sy dienaars, die profete, bekend gemaak het.*"

Die aanduiding van wie voor die troon gaan verskyn, is uitgebreid. In plaas van net stel dat alle mense van alle tye gaan verskyn, word daar gefokus op mans, vroue en kinders. Tyd word omvattend beskryf as van die begin tot die einde toe. Geen era se mense gaan hierdie oomblik vryspring nie, nie eens die mense wat in totale ongeloof gelewe het nie.

Dwarsdeur die Bybel vind ons 'n wisselwerking tussen enkeling en groep; enkeling en volk. Abraham word Israel, Jakob word Israel. Die enkeling is verlengstuk van die volk en anders om. Ons lees tot in Openbaring dat daar uit elke volk mense gered word. Volk is deel van die konsepte wat ons in die Bybel vind. Tog, by die laaste oordeel gaan

elke mens individueel voor God se regterstoel verskyn. Niemand sal kan wegkruip agter 'n groep of midde in 'n volk nie. God werk deur die eeue met die kerk, maar by daardie dag staan elke mens as individu voor God.

Want al die dooies sal uit die aarde opstaan, die siel van elkeen saamgevoeg en verenig met sy liggaam waarin hy geleef het.

Die opstanding uit die dood is 'n saak wat ons dwarsdeur die Bybel teruglees, soos ook in Openbaring 20:13 *"Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het.* Die wonder van hierdie geleentheid moet nie onderskat word nie. Talle gelowiges het op verskriklike wyse aan hulle einde gekom: Hulle is deur leeus verskeur, lewend in teer gedoop en as fakkels verbrand. Gelowiges is deur haaie verteer, het in ongelooflike ontploffings gesterf. Eeue se gestorwenes het al totaal ontbind sonder enige residu. Stof is jy en tot stof keer jy terug. Tog sal almal wat gesterf het, opstaan. Hierdie wonderwerk herinner aan die skepping toe God geskep het deur te spreek. Ons bely tog Sondag op Sondag dat ons glo in die wederopstanding van die vlees.

Guido de Bres (skrywer van die NGB) was kind van sy tyd en dit blyk duidelik uit die sinsnede wat volg, verwysende na siel en liggaam wat saamgevoeg sal word. Daar is geen Skrifgetuienis vir die gedagte dat liggaam en siel saamgevoeg en verenig sal word nie. Dit is 'n teruggryp op die Roomse verstaan van die mens wat weer 'n teruggryp is op die

Griekse dualisme. Plato en die Grieke voor hom was oortuig dat die mens bestaan uit liggaam en siel, en dat die siel onsterflik is. Die Bybel het 'n probleem met hierdie standpunt. I Timoteus 6:16 *"Hy alleen besit onsterflikheid; Hy woon in ontoeganklike lig. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie. Aan Hom kom toe eer en ewige mag! Amen."* Sonder om te verval in 'n filosofiese debat, is dit tog nodig om sekere sake te stel sonder om die hele problematiek aan te spreek. Die mens is skepsel; sondaar in totale menswees. Die mens is sterflik. Die mens word in sy volle menswees deur God gekonfronteer. In hierdie ontmoeting met God besef die mens dat God die gans andere is en die mens is swak en nietig. By die dood van die mens keer sy asem (lewe) terug na God wat dit geskenk het. Daar bly met ander woorde niks oor van die mens nie, net herinneringe by die wat agterbly. Ons aanspreeklikheid teenoor God vir die sonde wat ons is, is allesomvattend, dit sluit ons totale menswees in. Om dan te stel dat die loon van die sonde die dood is en die siel vry te spreek van hierdie straf, lyk onsinnig. Ons staan met ons hele bestaan skuldig en moet in ons totale bestaan sterf. Om die siel onsterflik te ag, is om die radikaliteit van die dood te probeer versag. God wat 'n mens opwek, wek die totale mens op, Hy is immers almagtig.

En hulle wat dan nog sal lewe, sal nie soos die ander sterwe nie maar in 'n oogwink verander en uit verganklikheid onverganklik word.

Twee teksgedeeltes illustreer hierdie oortuiging te wete I Korintiërs 15:52 *"By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in*

'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word." Filippense 3:21
"Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees."

Daar is diegene wat wonder of alle mense sal uitsterf voor die wederkoms plaasvind. Daar is diegene wat vermoed dat almal sal sterf met die wederkoms. Daarteenoor vind ons in die Skrif dat gestel word dat diegene wat lewend is by die wederkoms nie die eerste dood sal smaak nie.

Dan sal die boeke, dit is die gewetens, geopen en die dooies geoordeel word volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, of dit goed was of sleg.

Openbaring 20:12 *"Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het."*

II Korintiërs 5:10 *"Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad."*

Die NGB interpreteer "boeke" as elkeen se gewete. Dit veronderstel dat alle mense gewetens het en dat elkeen se gewete dieselfde is. Relevant vir hierdie gedagte is dat daar in aansluiting by die gedagte van individuele verantwoording, daar verantwoording vir elkeen se eie lewe sal wees. Die koppeling van boeke

aan elkeen se gewete wil aandui dat geen verdedigingsmeganisme ten opsigte van sonde, soos skuldverplasing toegelaat sal word nie. Die eerste oortreders se verontskuldigings - Eva se "die slang" en Adam se "die vrou wat U my gegee het" - sal nie gebruik kan word nie. Die samevoeging van goed en sleg dui daarop dat die mens se hele lewe in die kollig sal wees by hierdie oomblik.

Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ligsinnige woord wat hulle gesê het al beskou die wêreld dit slegs as kinderspel en tydverdryf; en dan sal die geheime bedrog en huigelary van die mense in die openbaar voor almal oopgevelek word.

Matteus 12:36 *"Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag."*

Een van die ander verdedigingsmeganismes wat mense gebruik in die hantering van hulle sondes, is om dit minder te maak as wat dit is, of dit te onderskat. Die totale verlorenheid van die mens kom in hierdie sin na vore. Ligsinnige woorde, selfs dié gesien as kinderspel en ydele tydverdryf, word genoem saam met bedrog en huigelary. God se standaard is anders as die konsensus van sondaar mense.

Daarmee saam moet geen persoon dink dat hierdie individuele verantwoording wat gedoen gaan word, in privaatheid gaan geskied nie. Ons sal voor almal met al ons sondes gekonfronteer word, tot ons eie skande.

Volgende keer ondersoek ons Artikel 37 verder in Die Skietlood 165.

